

Gereformeerde Kerk Bellville – 10 Junie 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 81:11, 12 (p. 413)

- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.
- 12 Open julle mond, / eis van My vrymoedig / op my trouverbond:
al wat jul ontbreek, / skenk Ek as jul smEEK / mild'lik en oorfloedig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 2, 3 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte^{en} wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode^{is} Hy.
- 3 Die gode wat die volke^{aan}bid, / is nietig en onmagtig. / Die HERE^{is} skeppingskragtig:
die hemel daar – sy werk is dit! / Voor Hom is majesteit / en heersersheerlikheid.

Gebed

Skrifberyming 9-1:1, 2, 10 (Sb 26)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,
deur wolke^{en} donkerheid omswee, / sy wet op Horeb het gegee:
- 2 Ek is die HEER, jou God en Koning, / wat uit Egipte jou bevry;
jou uitlei uit jou slaafse woning: / dien dan geen gode buiten My.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

Skriflesing: Jesaja 44:6-23; Lukas 12:13-21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 34:94-95

Kernvers: Jesaja 44:6; Lukas 12:15

So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie. (Jesaja 44:6 AFR53)

En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorfloed van sy besittings nie.
(Lukas 12:15 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my sieleheil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (l).

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31; Deut 18:9, 10. (c) Matt 4:10; Open 19:10; 22:8, 9.

(d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14.

(h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28.

(k) Matt 4:10; Deut 10:20. (l) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrouwe stel (a).

(a) Efes 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Efes 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 1:9; Joh 5:23.

Tema: Daar is net een God – Hom alleen moet jy vertrou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, in ons reeks aan die hand van ons Kategismus begin ons vanaand by die eerste van die Tien Gebooie. Ons herinner onself weer aan wat die Here verlede Sondag vir ons geleer het: Die Tien Gebooie is nie aan die mens gegee sodat hy eers 'n sekere standaard van heilig lewe moet bereik voordat God hom verlos nie. Die Tien Gebooie is ook nie gegee sodat die mens sy deeltjie saam met Christus moet doen om verlos te word nie. Die Here het die Tien Gebooie aan sy volk gegee nadat Hy hulle uit Egipte verlos het. Daarom is die Tien Gebooie die riglyn en standaard van lewe vir die mens wat waarlik deur God verlos is.

Profeties beteken dit vir die gelowige in die Nuwe Testament dat die Tien Gebooie ook sy riglyn en standaard is vir 'n lewe van dankbaarheid teenoor God. Omdat die verlossing geheel en al deur Christus volbring is, lei die verlose mens 'n lewe wat ooreenkom met die Tien Gebooie. Uit dankbaarheid vir die verlossing wat hy ontvang het, sê die verlose mens na aanleiding van die eerste gebod: Die almagtige God het my deur sy geliefde Seun Christus verlos en die Heilige Gees bewaar my in hierdie verlossing, daarom sal ek geen ander gode voor God se aangesig hê nie.

Broer, suster en kind, wanneer die Here in die eerste gebod sê: **Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie**, wil dit nie sê dat daar regtig ander gode is nie. As die Here van ander gode praat, sê Hy wat die mens self dikwels doen. Omdat die mense nie die Here ken nie en daar dinge in die skepping gebeur wat hulle nie kan verklaar nie, noem hulle dinge in die skepping gode, maar in werklikheid is dit nie gode nie. Alhoewel mense vir hulle gode maak van hout of klip of goud, is daardie gode eintlik net iets wat in die verbeelding van die mens bestaan. Dit is self uitgedinkte gode.

Wanneer die Here in Jesaja 44 van die afgode praat, vertel Hy vir sy volk hoe belaglik dit is as mense vir hulleself gode maak. In hierdie spotprent wat die Here teken, wys die Here hoe dom dit van 'n mens is om te dink dat daar iets soos gode is. Dit is net 'n stuk hout wat tot die afbeelding van 'n mens afgewerk is. Die ander stukke van daardie selfde stuk hout waaruit die beeld gemaak is, het die mens in elk geval gebruik om homself warm te maak en sy kos op gaar te maak. Wat maak daardie stuk wat tot 'n afbeelding afgewerk is nou so besonders teenoor die hout wat verbrand is? Niks behalwe die mens se verbeelding.

Hierdie woorde in Jesaja 44 is die profetiese woorde aan Israel in die ballingskap. Toe Israel in ballingskap weggevoer is uit die beloofde land uit, was die heidene se mond vol oor die volk van die Here. Die heidene het daarmee gespog dat hulle afgode sterker was as

die God van Israel, daarom is die Israëliete in ballingskap weggevoer. Wat hierdie gespot van die heidene so erg gemaak het, is dat Israel nie die heidene reggehelp het nie. Israel het geweet dat die Here hulle in die hande van die vyand oorgegee is omdat hulle nie vir die Here wou luister en hulle bekeer nie. Maar in plaas daarvan om te sê waarom die ballingskap oor hulle gekom het, het hulle doodstil gebly en sodoende die Here onheilig (vgl. Eseg 36:20-22).

Nou ja, voor die ballingskap was daar al baie van die Israëliete wat ook naas God 'n klomp afgode gedien het. Vir hulle was die gespot van die heidene dan seker 'n logiese verklaring

vir die ballingskap, want hulle het nie meer die Here reg geken nie. En nou het sommige van die gelowiges van die volk daar in die ballingskap kleingelowig en bang geword oor die praatjies van die heidene. Met hierdie spotprent van die afgode bemoedig die Here hierdie kleingelowiges en sê vir hulle dat hulle nie bang moet wees nie. Hy verseker hulle dat Hy werklik die enigste God is en Hy is lewendig. Hy is die God wat sy verbond met Abraham begin het en die verbond deur die eeue heen aan Israel bevestig het. Hy is die Koning en die Verlosser van sy volk en Hy is almagtig.

Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.

Ek is seker dat ons almal heelhartig met die Here sal instem dat dit belaglik is om 'n beeld van goud, klip of hout te maak en dit te vereer as 'n god. Dit is ook dom om vir jouself 'n god uit te dink, want watter god 'n mens ook al vir homself uitdink daardie god sal altyd tekortkominge hê. Die afgode waarvan die Here vertel is dooie beelde. Hulle kan geen hulp aan die afgodsdienaar gee nie. Net so het die ander valse gode wat mense aanbid ook tekortkominge. Net die lewende God is volmaak. Net Hy kan kragtige beloftes maak en daardie beloftes presies uitvoer soos wat Hy dit beloof het.

Maar afgodery is nie net om iets anders in die plek van die enige ware God uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel nie. Selfs wanneer 'n mens iets anders naas God het waarop jy jou vertrou stel, is jy ook besig met afgodery. As 'n mens iemand vertrou, maak jy staat op daardie persoon en jy is selfs afhanklik van daardie persoon. Omdat God God is en omdat Hy die enigste Een is wat kan verlos, eis Hy dat die mens al sy vertrou in Hom alleen sal stel. Die mens mag op niks en niemand anders sy vertrou stel vir hierdie lewe of die toekomstige lewe nie.

Een vorm van afgodery wat oor die eeue algemeen is, is die vertrou wat mense in geld en besittings stel. Dit is hartseer genoeg ook die soort afgodery wat dikwels onder gelowiges voorkom. Met hulle mond bely hulle dat hulle God die Vader die Almagtige Skepper van hemel en aarde glo, maar hulle hart is nog nie of nie altyd met hierdie belydenis vervul nie.

Dit is wat met hierdie man in die skare gebeur het. Jesus was besig om die mense oor lewensbelangrike dinge te onderrig – dat jy God moet vrees, dat 'n mens nie skaam moet wees om Jesus se Naam voor mense te bely nie. 'n Mens sal dink dat die hele skare hulle volle aandag skenk aan Jesus se woorde. Maar hierdie man se gedagtes was nie by wat Jesus geleer het nie. Toe Jesus asem skep, bars hy met sy vraag in:

Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel. (Lukas 12:13 AFR53)

Hierdie man het niks van die belangrike dinge wat Jesus gesê het ter harte geneem nie, want sy gedagtes vol van die onreg wat hy aangedoen is. Jesus het natuurlik ook die onreg ongesien. Maar die man het 'n groter probleem as die onreg wat sy broer hom aangedoen het. Hy was net so hebsugtig soos sy broer. En omdat dit die probleem van baie mense is, het Jesus die gelykenis van die ryk dwaas vertel. Die mens wat Jesus volg se fokus moet nie wees op die dinge wat hy in hierdie lewe kan kry nie. Jesus wys dat hierdie man eerder gereed moet wees vir die lewe na hierdie lewe.

Die waarskuwing wat Jesus in ons kernvers uitspreek, is baie ernstig. Dan vertel hy die gelykenis om die punt by almal tuis te bring. Dit gaan dus oor die belangrike keuse waarin jy jou lewe belê. Of soos wat ons dit in hierdie vrae en antwoorde bely: Op wie of wat stel jy jou vertrou? Die keuse is eintlik baie eenvoudig: Gierigheid of God?

Party mense sal protesteer en sê dit is tog nie so eenvoudig nie. Die regte lewe is baie

kompleks. Daarom is dit mos meer realisties om te sê dat jy God gaan dien en liefhê en terselfdertyd maak jy in hierdie lewe soveel as moontlik bymekaar vir die swaar tye of jou oudag. Jesus trek egter 'n baie duidelike streep in die grond, wanneer Hy sê dat 'n mens nie God en mammon kan dien nie (Matt 6:24). Hy sê nie dat 'n mens liefs nie God en mammon moet dien nie. Hy sê 'n mens kan nie God en mammon dien nie. Dit is onmoontlik om vir twee base tegelyk te werk.

Daarom moet ons hierdie waarskuwing van Jesus regtig ter harte neem. Die gelowige moet elke dag, heeldag op sy hoede wees vir die gierigheid. Gierigheid is nie iets wat sommer skielik sy opwagting in 'n mens lewe maak nie. Dit is een van daardie dinge wat naderkruip soos dorings en onkruid wat die goeie saad wat gesaai is in 'n wurggreep kry en dooddruk. Jesus sê mos in die gelykenis van die saaiër dat die mens by wie daar by die dorings gesaai is, is die mens wat die Woord met blydschap ontvang. En dan kom die sorg van die wêreld, die verleiding van die rykdom en die begeerlikheid na baie dinge en die Woord word in hierdie mens se hart verstik.

Om seker te maak dat gierigheid ook nie al sy wurggreep begin kry het in ons lewens nie, is daar vyf vrae wat 'n mens jousef kan afvra. Hierdie vyf vrae kan aangepas word om ook agter te kom af jy nie al stilletjies jou vertrouwe weggeneem het van die Here af en dit in enige iets anders of iemand anders begin stel het nie. Die vyf vrae is:

- Dink ek meer dikwels aan materiële dinge as aan die Here?
As ek meer dikwels aan die nuwe kar of huis dink as wat ek daaraan dink hoe ek God beter kan leer ken en dien, dan het gierigheid my al besmet.
- Ignoreer ek soms wat die Here van my verwag net om materiële wins te maak?
As ek daaraan dink om oneerlik te wees om finansieel te wen, is ek gierig. As ek bereid is om verhoudings met ander mense te verongeluk ter wille van finansiële voordeel, is ek gierig.
- Geniet ek materiële dinge meer as om die Here beter te leer ken?
As ek straal van geluk wanneer ek iets nuuts kan koop of kry, maar ek sug van verveeldheid wanneer dit kom by die dinge van die Here, is ek gierig.
- Hoe reageer ek wanneer ek materiële dinge verloor?
As daar ingebreek word by my huis en ek word beroof, stort my wêreld dan in duie? Ek sê dat 'n mens nie traak-my-nieagtig oor sulke dinge moet wees nie. Dit is sleg as 'n mens besteel word, maar as 'n mens se wêreld in duie stort oor 'n inbraak, brand daar 'n gevaarlig baie helder. Gierigheid het sy merk op jou gelaat.
- Wat sal ek doen wanneer ek nou 'n groot fortuin kry?
Dink ek eerste aan al die dinge wat ek vir myself kan koop of doen, wanneer ek 'n groot som geld kry? Of bly ek nugter en vra die Here hoe Hy wil hê dat ek die geld moet aanwend sodat Hy geëer kan word?

'n Mens voel ongemaklik wanneer hierdie vrae so skerp tot ons kom. Maar 'n mens se sondige geaardheid is geneig om die skerp kant so bietjie af te bytel sodat 'n mens nie meer van gierigheid praat nie. Dan praat 'n mens eerder van innovasie en vernuf en jy wil nie vir ander mense 'n finansiële las wees nie. In die gelykenis wys Jesus ons egter op die gevaar van gierigheid.

Gierigheid ignoreer die Here se heerskappy oor alles. Kyk hoe baie keer die ryk man ek sê – tot ses keer toe. Hy dink nie eers een keer aan God nie, want hy praat van *my oes*, *my skure*, *my goed* en selfs van *my siel*. Hy het vergeet dat die aarde en alles daarop aan die Here behoort en die Here het volle seggenskap oor alles. Die Here is die Eienaar van alles op die aarde. Gelowiges moet altyd onthou dat die dinge wat hulle het, het die Here in genade aan hulle gegee om vir Hom te bestuur. En 'n gelowige moet dit so bestuur dat God verheerlik word. 'n Gelowige moet ook nie net bely dat hy met liggaam en siel aan

Christus behoort nie. Sy doen en late moet ook gekenmerk word dat hy regtig met liggaam en siel aan Christus behoort. Daarom bid 'n gelowige gedurig: Here, wat wil U hê moet ek doen?

Gierigheid ignoreer ook die belangrikheid van verhoudings. Jy hoef nie baie geleerd te wees om agter te kom dat hierdie man en sy broer nie langs dieselfde vuur gesit het nie. Die erfenis het tussen hom en sy broer gekom. Wanneer Jesus ons leer dat ons God met ons hele hart, siel, verstand en al ons kragte moet liefhê en ons naaste soos onself, dan mag daar niks tussen ons en God of ons en ons naaste kom nie. Enigiets wat vir jou belangriker word as jou verhouding met God of jou naaste, het jou lewe oorgeneem.

Gierigheid ignoreer ook hoe kort die lewe is en dat daar 'n ewigheid na hierdie lewe is. Op die oppervlak beskou, het hierdie ryk man aan alles gedink. Hy het alles vir homself mooi uitgewerk om vir baie jare te rus, te eet, te drink en vrolik te wees. Maar hy het nie aan die ewigheid gedink nie. En buitendien het hy geen waarborg gehad dat hy nooit deur 'n ramp getref sal word nie. Daarom is die woorde in vers 20 so skerp en op die man af. Die ryk man het aan die lewe gedink, maar nie aan God en die oordeel en die ewigheid nie. By sy dood skei hy en sy goed van mekaar. En wat het hy dan? Net mooi niks nie!

Met hierdie gelykenis sê Jesus glad nie dat 'n mens nie voorsiening moet maak vir die toekoms nie. Daar is ook nie inherent iets verkeerd of sondig met rykdom nie. In die Bybel is daar vele ryk mense wat die seën van die Here gehad het, maar hulle fokus was nie op die rykdom van hierdie wêreld nie. Hulle het gelewe met die oog op die ewigheid van God. Daarom het hulle hulle lewens belê in die koninkryk van God en sy wil.

Jy begin om jou lewe in God se koninkryk en sy wil te belê wanneer jy alleen op Christus vertrou om verlos te wees van jou sonde en God se oordeel. En wanneer die Heilige Gees jou oortuig het dat Christus ook jou sondeskuld ten volle betaal het, weet jy dat jy net aan die Here behoort. En vir alles in hierdie lewe stel jy jou vertrou in Hom alleen. Hy is die enigste God wat beloftes kan maak – soos om jou met alles te versorg wat jy nodig het, die kwaad van jou afweer of tot jou beswil beskik – en elkeen van daardie beloftes ook vir jou bewaarheid.

Mag die Heilige Gees elke ware gelowige lei om indringend sy lewe te beskou en te kyk of hy nie al sy vertrou van God af begin trek het en dit op ander gode stel nie. Hy is die enigste lewende God. Buiten Hom is daar geen ander gode nie. Hy weet nie van so een nie, sê Hy en Hy is alwetend.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aarde^oin kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bittersmart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.
- 1 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
- 2 U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 Junie 2018